GREY KOLLEGE SEKONDÊR
COLLEGE SECONDARY
A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS
'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS

Gestig 1855 Founded

16 Mei 2018

Ingrypende bestuursbesluit ná vertrouensbreuk tussen
Grey Kollege-beheerliggaam en skoolhoof

Geagte Ouer / Oud-Grey

Die vertrouensverhouding tussen die skoolbeheerliggaam van Grey Kollege en die sekondêre skool se hoof, mnr. Deon Scheepers, het onherstelbaar verbrokkel en alle pogings om die geskille tussen die partye te besleg, het op 'n dooiepunt uitgeloop. Daarom het die beheerliggaam op 15 Mei 2018 besluit om alle gedelegeerde beheerliggaam-bevoegdhede van mnr. Scheepers terug te trek.

By 'n openbare skool, soos Grey Kollege, is die skoolhoof 'n werknemer van die provinsiale onderwysdepartement. Die Suid-Afrikaanse Skolewet bepaal dat 'n skoolhoof verantwoordelik is vir leer en onderrig-aktiwiteite by 'n skool. Die skoolhoof se plig as werknemer van die onderwysdepartement is dus die 'bestuur' van akademiese aktiwiteite by die skool. Alle ander funksies, regte, verpligtinge en bevoegdhede wat 'n skoolhoof uitoefen, word aan hom gedelegeer deur die beheerliggaam en hy moet daaroor aan die beheerliggaam verslag doen. Hoewel die Skolewet die plig van onderrig-bestuur op die skoolhoof plaas, moet die hoof ook in hierdie verband aan die beheerliggaam verslag doen.

PO Box / Posbus 13001, Brandhof, Bloemfontein 9324
Tel: 051 444 1513 / 051 444 1724, Fax / Faks: 051 444 5012
E-mail / Epos: office@gc.co.za, Website / Webtuiste: www.gc.co.za

GREY KOLLEGE SEKONDÊR
COLLEGE SECONDARY
A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS
'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS

Gestig 1855 Founded

Die beheerliggaam se primêre doel is om 'n omgewing te skep waar gehalte-onderrig kan plaasvind, maar waar die beheerliggaam vertroue in die skoolhoof verloor het, is dit nie meer moontlik nie. Dié ingrypende stap is dus geneem omdat die beheerliggaam te alle tye die skool, veral die leerders en die onderwysers, se beste belange eerste stel.

Die beheerliggaam het ook besluit om mnr. Jurie Geldenhuys as tydelike skoolbestuurder aan te stel om ons gedelegeerde funksies uit te voer totdat 'n langtermyn-oplossing geïmplementeer kan word. Dit beteken dat mnr. Geldenhuys alle skoolaktiwiteite, met die uitsondering van onderrig en leer, namens die beheerliggaam sal bestuur. Laasgenoemde sluit die volgende in:

1. Die bestuur van die skool se finansies tot die mate waartoe verpligtinge nie uitdruklik deur wetgewing aan die skoolhoof opgedra is nie;

2. Bestuur van die buite kurrikulêre program, soos sport en kultuur;

3. Bestuur van die skool se terrein en bates, insluitend die koshuis;

4. Bestuur van personeel waar hulle by nie-akademiese aktiwiteite betrokke is;

5. Kommunikasie en skakeling – intern en ekstern;

PO Box / Posbus 13001, Brandhof, Bloemfontein 9324
Tel: 051 444 1513 / 051 444 1724, Fax / Faks: 051 444 5012
E-mail / Epos: office@gc.co.za, Website / Webtuiste: www.gc.co.za

GREY KOLLEGE SEKONDÊR
COLLEGE SECONDARY
A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS
'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS

Gestig 1855 Founded

6. Verteenwoordig die skool by alle nie-akademiese forums soos bv. die Reünie;

7. Interne en eksterne skakeling;

8. Bestuur van die skool se etos, missie, waardes en geesbou binne skoolverband;

9. Bestuur van die dissipline;

Mnr. Scheepers, as werknemer van die Vrystaatse onderwysdepartement, sal voortgaan met sy professionele plig as skoolhoof, beperk tot slegs dié bevoegdhede wat aan hom toegewys is in terme van die Skolewet.

Hierdie besluit is nie ligtelik geneem nie, maar ons kan u verseker dat ons uitsluitlik in die beste belang van elke seun, onderwyser en Oud-Grey opgetree het.

Vriendelike groete

Henry Büchner
VOORSITTER: GREY KOLLEGE SKOOL BEHEERLIGGAAM

PO Box / Posbus 13001, Brandhof, Bloemfontein 9324
Tel: 051 444 1513 / 051 444 1724, Fax / Faks: 051 444 5012
E-mail / Epos: office@gc.co.za, Website / Webtuiste: www.gc.co.za